

## SOILL PRODUSENTE NUUSBRIEF

Mei 2014



Die seisoen stap aan en Canola in die Albertinia tot Riviersonderend omgewing is oor die algemeen baie mooi (daar is droë kolle), Caledon kan egter doen met goeie reën waar die Canola nog baie jonk is. Oor die algemeen is die Overberg se opkoms goed met slak- en ander insekprobleme wat redelik geïsoleerd was, maar daar is kampe met skade in sekere dele.

In die Swartland wissel dit van baie mooi tot oneweredig in dele, maar ons glo dat die reën wat onlangs geval het dinge sal regruk sodat die saad wat nog moet opkom betyds sal uitkom en 'n oneweredige stand sal voorkom.

### Inhoud

---

- **Swartstam**
- **Interessante skakels en inligting**
- **Datums**


### Swartstam – wat om te weet

---

#### Die siekte

Die aanbeveling is dat Canola elke 4 jaar op dieselfde grond geplant moet word, maar deesdae sien ons dat Canola al hoe meer in kort-rotasies geplant word. Die hoofsaaklike risiko wat ontstaan met so kort rotasie is Swartstam.

Swartstam word veroorsaak deur die fungie *Leptosphaeria maculans* en *Leptosphaeria biglobosa*. Maculans is aggressiewer as biglobosa en beide bestaan uit verskeie rasse. Die swam oorleef op Canola stoppels van die vorige seisoen. Met voldoende reën word die spore vrygestel en deur wind vervoer na aangrensende jong Canola plante waar dit aan die blare / en of hipokotiele vasheg en dan die blaar/plant infekteer.



Figuur 1: Lewensiklus van swartstam (Canola Council of Canada Grower Manual).

## Simptome

Na afloop van die infeksie word die kenmerkende geel/vaal letsels op die blare waargeneem met die klein swart spikkels daarop (sien foto). Die swam groei vanaf hierdie letsels deur die blaarsteel tot in die stam waar dit later in die seisoen die kenmerkende stam- en kroonletsels veroorsaak. Dit is ook dan wanneer die siekte die opbrengs begin beïnvloed omrede hierdie fase die opwaartse en afwaartse vervoer van water asook voedingstowwe beperk en onderbreek. Dit is ook die verswakking van die stam wat veroorsaak dat die plante omval en plat lê later in die seisoen.



Figuur 2: Swartstam letsel (Let op swart spore op/in die letsel)



Die spore kan ook vanuit die blaarlletsels spat na nabygeleë plante m.b.v reën en dan sekondêre infeksie veroorsaak. Kyk ook by platsny-tyd na die peule, baie sal 'n swart letsel bevat. Hierdie peulinfeksie lei tot besmette saad (pasop vir terug gehoude saad...).

### **Bestuur**

Tans is dit belangrik om die siekte te verstaan en jou bestuurspraktyke daaromtrent aan te pas. Daar is by tye van skrywe nog geen chemiese middel spesifiek vir Swartstam geregistreer nie en is die bestuurspraktyke dus die beste raad vir die siekte op die stadium waarvan die volgende die belangrikste is:

- Leer ken die verskillende kultivars en hulle eienskappe, almal se swartstam weerstand verskil. Wissel kultivars gereeld af en moet nie dieselfde kultivars elke jaar plant nie.
- Moet nie terug-gehoude saad plant nie – jy plant daarmee tesame swartstam (ek het nog byna geen kampe gekry sonder swartstam letsels nie, dit is orals).
- Wisselbou is belangrik – daar moet ten minste 3 jaar tussen Canola op dieselfde kamp verloop, 4 is meer verkieslik.
- Bestuur jou plaas in blokke indien moontlik met die opvolgende Canola so ver as moontlik weg van die vorige jaar se kampe – swartstam word deur die wind gedra en ongelukkig keer 'n draad nie die oordrag van spore na aangrensende kampe nie. Die spore kan tot 500m deur die wind gewaai word.
- Hou kampe (ook weidingskampe en drade) skoon van wilde mostert en ramenas of ander koolfamilie onkruid wat dien as gasheerplante. Dit sluit ook opslag Canola in.

Daar is chemiese middels wat in Australië en Kanada geregistreer is wat tesame met die bogenoemde bestuurspraktyke kan help om die impak van hierdie siekte op jou oes te help verminder, maar selfs dit is nie 100% doeltreffend nie en kom verliese wêreldwyd voor (word geraam tot 10%). Ons moet die siekte en die verspreiding daarvan verstaan en sodoende kan ons verliese beperk word met die hulp van goeie bestuurspraktyke.

#### **Bronne:**

Canola produksiehandleiding

Canola best practise management guide for South-eastern Australia

Canola council of Canad grower Manual.

## **Interessante artikels en skakels**

---

- **Canola Watch** - <http://www.canolawatch.org/2014/05/27/top-dress-timing/>
- **Canola Growers Manual** - <http://canolacouncil.org/crop-production/canola-grower's-manual-contents/chapter-10c-diseases/chapter-10c#backleg>



## Datums

---

- 11 Junie 2014 – Groentoeer Tygerhoek
- 5 tot 7 Augustus 2014 - BLWK Simposium en Expo
- 21 Augustus 2014 – SKOG Boeredag
- 27 Augustus 2014 – PNS Canola dag Swellendam (Meer inligting sal volg)
- 28 Augustus 2014 – PNS Canola dag Swartland (Meer inligting sal volg)
- 28 Augustus 2014 – Overberg Agri Roodebloem Boeredag
- 2 September 2014 – Overberg Agri Plaaspersoneeldag
- 3 September 2014 – Riversdal Wintergraandag
- 17 – 20 September 2014 – Agri Mega Week Bredasdorp

Besoek gerus ons webblad by [www.soill.co.za](http://www.soill.co.za) vir meer inligting, artikels en vorige nuusbriewe.

Groete

Franco le Roux

0826630640

franco@soill.co.za

